BESTELLINGS: INDIVIDUELE FOTO'S EN GROEPFOTO'S

- Die fotograaf besoek die skool op vier geleenthede waarvan die eerste geleentheid die neem van individuele foto's en die res groepfoto's is.
- Ongeveer twee weke na die neem van die individuele foto's ontvang die kind 'n briefie van die fotograaf waarop die kind se unieke bestelnommer en instruksies ten opsigte van die bestellings uiteengesit word.
- NEEM KENNIS dat u nie onmiddellik na 'n bestelling die foto's sal ontvang nie.
- Daar is telkens 'n periode waartydens die portaal oop is vir bestellings. Al die bestellings van die betrokke tydperk sal EERS na afloop van die "sperdatum" gedruk en versprei word. Dit kan tot twee maande neem.
- Sodra 'n besteltydperk afgehandel is, sal die portaal weer oopmaak vir bestellings met 'n nuwe sperdatum vir afhandeling.
- Rig navrae via die klasonderwyser en heg asb 'n bewys van betaling aan.
- Moet asb onder geen omstandighede net geld in die fotograaf se rekening inbetaal en 'n e-pos stuur vir bestelling sonder om binne sperdatums deur die portaal te werk nie.
- Die skool versprei foto's slegs as welwillendheidsgebaar. U begrip vir 'n druk skoolprogram sal waardeer word.